

THEART OF RESEARCH



Beskerming van vroue teen seksueel-oordraagbare infeksies

Biomediese ingrepe soos vaginale probiotika kan vroue se reprodktiewe gesondheid verbeter.

Monalisa Manhanzva is 'n postdoktorale navorser aan die Universiteit van Kaapstad en fokus op die identifikasie van bepalers van genitale infeksies, insluitend bakteriële vaginose en seksueel-oordraagbare infeksies soos MIV.

ORCID ID:

<https://orcid.org/0000-0003-0285-6390>

Further information:

<https://www.nature.com/articles/s41598-020-62184-8>

'n ongesonde vroulike genitale kanaal verhoog die risiko vir ongewenste reprodktiewe-gesondheidsuitkomst by jong vroue, byvoorbeeld voortydige kraam en seksueel-oordraagbare infeksies. Navorsers by die Universiteit van Kaapstad beoog om 'n innoverende en eenvoudige oplossing te ontwikkel wat vroue potensieel kan gebruik om hulle seksuele gesondheid te verbeter sodat hulle 'n beter lewensgehalte kan hê.

Jong Suid-Afrikaanse vroue het 'n buitengewoon hoë risiko om MIV en seksueel-oordraagbare infeksies (SOI's) op te doen wat nie ten volle deur gedragsrisiko's verklaar kan word nie. Dit dui daarop dat ander faktore betrokke is. Studies is uitgevoer om ander faktore te ondersoek, soos die bakteriële samestelling van die vroulike genitale kanaal.

"Jong adolessente meisies het dikwels beperkte toegang tot inligting oor hoe hulle hulle reprodktiewe gesondheid kan verbeter. Ons het getoon dat gesonde bakterieë (ook bekend as Lactobacilli) die vermoë kan hê om beskerming teen SOI's te bied," sê Monalisa Manhanzva.

'n Navorsingspan aan die Universiteit van Kaapstad ondersoek die potensiele gebruik van probiotika wat ontwikkel word uit gesonde bakterieë wat uit ons bevolking verkry word as 'n manier om vroue se reprodktiewe gesondheid te bevorder.



'n Innoverende benadering kan vroue se reprodktiewe gesondheid verbeter.

Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtofResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.



"Ons het die beskermende eienskappe van die vaginale Lactobacilli geidentifiseer. Dit demonstreer die potensiaal om doeltreffende biomediese ingrepe te ontwikkel om infeksies, insluitend

MIV, by vroue in ons gemeenskap te voorkom. Die ontwikkeling van sulke biomediese ingrepe kan help om vroue se lewensgehalte te verbeter."

